Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 28 MEI 2015 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)
Cleophas, J H (DA)
Cox-Chetty, Y S (TPICO)
Fortuin, C (ANC)
Humphreys, F S (ANC)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Rangasamy, M (DA)
Sedeman, A C (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Traut, L (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom raadslede, amptenare en die pers en rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan lede van die publiek en besoekers. Die voorsitter versoek die Munisipale Bestuurder om die besoekers bekend te stel, naamlik –

(1) die afvaardiging vanaf die Provinsiale Departement van Plaaslike Regering – me Mledle, me Stemele en mnr R Ockhuis (die waarnemende Direkteur: Munisipale Bestuur, mnr K Makan sluit later by die vergadering aan); en
(2) die afvaardiging van Mosselbaai Munisipaliteit wat as deel van die Provinsiale Departement van Plaaslike Regering se uitruil-/mentorskapprogram die Swartland Munisipaliteit oor die afgelope drie dae besoek het – me Elize Nel en me Paphama Fundakubi.

Pastoor Cobus du Plessis van die Pinkster Protestante Kerk open die vergadering met skriflesing en gebed.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat in die afgelope maand verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C Cloete, B W Geel en R F van der Westhuizen.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Geen

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 26 MAART 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 26 Maart 2015 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 11 FEBRUARIE 2015
Saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 4 FEBRUARIE 2015

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die bodbeoordelingskomitee, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 19 FEBRUARIE 2015

6.2 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 19 MAART 2015

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 AANVAARDING VAN VERSKEIE VERORDENINGE (1/1)

Die aangehegte verordeninge is op 26 Maart 2015 aan die Raad vir beginsel-goedkeuring voorgelê ten einde 'n publieke deelnameproses te deurloop.

Geen kommentaar of insette is vanaf die publiek op die konsep verordeninge ontvang nie.

Die aanbevelings voor die Raad word tot stemming gebring deur die Speaker en beslis (in die afwesigheid van drie raadslede) met twintig raadslede ten gunste daarvan en word derhalwe –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat die volgende verordeninge deur die Raad goedgekeur word, om in werking te tree op datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant:
- Verordening insake Openbare Oorlaste;
- Verordening insake Insamelings.

8.2 AANVAARDING VAN DIE BEFONDSING EN RESERWE-, SKULD EN LENINGS- EN LANGTERMYN FINANSIëLE BEPLANNINGSBELEID (5/1/B)

Die vereiste om begrotingsverwante beleide op te stel word bepaal deur artikel 7 van die *Municipal Budget and Reporting Regulations*, 2008.

Die verslag tot die sakelys bevat 'n verduideliking van die doelwit van elke nuwe beleid, sowel as die verwysing na die artikels in die MFMA wat die onderskeie beleide voorskryf.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die volgende finansiële beleide deur die Raad goedgekeur word vir implementering met ingang van 1 Julie 2015 ten einde te voldoen aan die vereistes van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, naamlik:

(1) Befondsing en Reserwebeleid;
(2) Skuld en Leningsbeleid;
(3) Langtermyn Finansiële Beplanningsbeleid.

8.3 VOORLEGGING VAN KONSEP KREDIETBEHEER- EN SKULDINVORDERINGS-VERORDENING (1/1)

Die aangehegte Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsverordening vorm deel van die projek om verskeie verordeninge te hersien.

Die bestaande verordening (en gepaardgaande beleid) is gewysig om effek te gee aan die volgende:

- ten opsigte van rekeninge wat gelewer word aan 'n verbruiker wat nie die eienaar van die betrokke eiendom is nie, en waar daar 'n huurooreenkoms bestaan tussen die eienaar en huurder, sal die munipaliteit by verstryking van die huurtermyn die rekening oorskakel na die eienaar van die eiendom [paragraaf 4(3)];
- 'n rekening soos bedoel in sub paragraaf (3), sal oorgeskakel word na die eienaar van die eiendom indien (a) verandering van eienaarskap plaasvind, of (b) 'n huurder of okkupeerder versuim om sy of haar rekening by drie geleenthede, ongeag die huurtermyn, te betaal [paragraaf 4(4)];
- die definisie van "verbruiker" sluit nie besighede in nie, en verder is voormelde bepalings ook nie van toepassing op okkupeerdes van munisipale eiendom ingevolge 'n huurooreenkoms, of eiendom wat deur die staat besit word nie;
- gewysigde kriteria vir finansiële bystand aan hulpbehoewendes [paragraaf 25].

Die aangeleentheid word deur die Speaker tot stemming gebring, en word beslis (in die afwesigheid van drie raadslede) met dertien (DA) raadslede, een (COPE) raadslid en een (TPICO) raadslid ten gunste daarvan, en vyf (ANC) raadslede daarteen.

BESLUIT

(a) Dat die Raad die konsep Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsverordening in beginsel goedkeur, en dat dit vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste;

(b) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste opdrag gegee word om met potensiële belanghebbende partye te konsulteer in die betrokke verband.

8.4 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING INSAKE DIE REëLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS (1/1)

Die konsep Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings vorm ook deel van die projek om verskeie verordeninge te hersien. Die belangrikste wysigings en toevoegings word uiteengesit in die verslag tot die sakelys.

Die aanbevelings voor die Raad word tot stemming gebring deur die Speaker en beslis (in die afwesigheid van drie raadslede) met twintig raadslede ten gunste daarvan en word derhalwe –

8.4/...

EENPARIG BESLUIT

Dat die Raad die konsep verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings in beginsel goedkeur, en dat dit vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel (12)(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

8.5 HERSIENING: SWARTLAND RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (15/1/4/1)

Die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) moet van tyd tot tyd hersien word om aan te pas by die veranderde omgewing ten einde volhoubare ontwikkeling in die Swartland munisipale area te verseker.

Sekere wysigings – onder andere – hernieubare energie, die nuwe demografiese profiel van die Swartland, N7 belyning en die R45/46 verbindingspad, en so meer is reeds gedurende Junie 2014 vir publieke kommentaar geadverteer. Kommentaar ontvang is met die sakelys gesirkuleer.

Die verslag bevat verdere inligting wat sedert 2014 deur die Munisipaliteit se beplanningskonsultant bygewerk is – onder andere – die *Regional Social Economic Programme* (RSEP) wat sosio-ekonomiese ontwikkeling in geteikende areas sal bewerkstelling.

Rdl N S Zatu, namens die ANC (verder toegelig deur rdl D B Philander) spreek sy kommer uit dat daar nie genoegsame monitering van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) plaasvind nie. Swartland Munisipaliteit se visie sal nie bereik word deur die projekte wat in die wysiging van die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) voorgestel word nie, aangesien slegs een ras daaruit voordeel gaan trek. Rdl Zatu beklemtoon dat die projekte nie ekomiese groei vir die gemarginaliseerders en histories benadeeldes, en daarom vir alle inwoners van die Swartland, bewerkstellig nie.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat slegs die wysigings/addendums tot die ROR ingevolge die verslag tot die sakelys oorweeg moet word. Die evaluering van die GOP, tesame met die ROR as een van die sektorale planne tot die GOP is 'n aparte aangeleentheid.

Die Munisipale Bestuurder, met verwysing na die aansoek wat aan die Provinsie gerig is om van alternatiewe infrastruktuur metodes gebruik te maak in die integrasie van gemeenskappe, beklemtoon dat Swartland Munisipaliteit daartoe verbind is om volhoubare ekonomiese groei vir alle inwoners te bewerkstellig. Die alternatiewe infrastruktuur-model word tans ontwikkel en sal aan die Raad gerapporteer word sodra beskikbaar.

Rdl O M Stemele noem dat die *Regional Social Economic Programme* (RSEP) 'n uitstekende voorbeeld is van 'n program wat beoog om twee gemeenskappe te integreer en met die doel van sosio-ekonomiese ontwikkeling te bevorder.

Die Uitvoerende Burgemeester wys daarop dat die GOP in konteks gelees moet word met in ag neming van al die sektorale planne ten einde totale ekomiese groei in die Swartland te monitor en dat daarteen gewaak moet word om enkele projekte uit te sonder.

Die aangeleentheid word deur die Speaker tot stemming gebring, en word beslis (in die afwesigheid van drie raadslede) met dertien (DA) raadslede, een (COPE) raadslid en een (TPICO) raadslid ten gunste daarvan, en vyf (ANC) raadslede daarteen.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Raad die hersiening/aanpassings tot die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk ingevolge die Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000 goedkeur en wel ten opsigte van die volgende:

(a) Addendums bykomend tot die huidige dokumente, naamlik:

8.5(a)/...

- Prioriteit aksieplanne
- Hidrologie
- Hernieubare Energie
- Yzerfontein Alternatiewe Gebruike
- Demografiese profiel
- Minimum erfgroottes

(b) Aanpassing van grondgebruiksvoorstelle ten opsigte van grootmaat infrastruktuur, aktiwiteitstrate en beperkte wysiging aan ontwikkelingsvoorstelle;

(c) Eskom oorhoofse kragnetwerk;

(d) N7 opgradering, asook die R45/46 verbindingspad;

(e) Belyning met omliggende munisipaliteite;

(f) Vakante grond oudit-studie;

(g) Klimaatsverandering en gevaarrisiko-studie;

(h) Landelike Erfenisstudie;

(i) Kussone terugsetlyne;

(j) *Regional Social Economic Programme* (RSEP);

(k) *Comprehensive Rural Development* (CRD);

(l) Buffer Sone Strategie;

(m) Dat die Jackson Familie Trust en die petisie in kennis gestel word dat die Voortrekkerstraat Precinct voorstelle vir eers teruggehou word rakende die klarigheid van Voortrekkerstraat se toekomstige status.

8.6 WYSIGING VAN ORGANISATORIESE STRUKTUUR MET INGANG VAN 1 JULIE 2015: IMPLEMENTERING VAN TASK RESULTATE (4/1/1/2/1)

Artikel 66 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, No 32 van 2000 bepaal dat ‘n munisipale bestuurder ‘n diensstaat vir die munisipaliteit moet ontwikkeling en dat die diensstaat aan die munisipale raad vir goedkeuring voorgelê moet word.

Die Raad is bewus daarvan dat die Munisipaliteit deur 'n omvattende proses is om alle poste volgens die TASK-posevalueringstelsel te laat herevalueer. Die resultaat van die herevaluering sal met ingang van 1 Julie 2015 geïmplementeer word, gedagte daaraan dat daar nie van die begrote salarisbegroting afgewyk mag word nie.

Die wysigings aan die organisatoriese struktuur was voorgelê aan die Plaaslike Arbeids-forum op 26 Mei 2015 en word die wysigings ondersteun.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die Raad die wysigings van die totale organisatoriese struktuur goedkeur vir implementering met ingang van 1 Julie 2015.

8.7 HERSIENING VAN STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/1, 2/5/2)

Die Stelsel van Delegasies is ingevolge artikel 59 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, No 32 van 2000 op 24 Mei 2011 deur die nuwe munisipale raad aanvaar.

Aangesien so 'n Stelsel van Delegasies nie 'n statiese dokument is nie, was daar sedertdien jaarliks wysigings en toevoegings in konsultasie met die Raad aangebring.

8.7/...

Die aanhangsel tot die sakelys bevat die wysigings en toevoegings ten opsigte van die 4de hersiening van die Stelsel van Delegasies.

BESLUIT
(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die wysigings aan die Register van Delegasies goedgekeur word soos per Aanhangsel A tot die verslag.

8.8 ONDERSOEKE NA VRUGTELOSE EN VERKWISTE UITGAWES IN TERME VAN ARTIKEL 32 VAN DIE WET OP MUNISIPALE FINANSIëLE BESTUUR, 2003 (5/15/1/5)

'n Komitee is ingestel om alle ondersoeke na vrugtelose en verkwiste uitgawes in terme van artikel 32 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, No 56 van 2003 te onderneem.

Die verslag bevat inligting oor drie gevalle wat die afgelope tyd ondersoek was, sowel as die uitslag van die ondersoeke.

Die aangeleentheid is op 8 April 2015 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê, vir aanbeveling aan die Raad.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat die Raad kennis neem van die inhoud van die Rekords van Besluitneming van die Dissiplinêre Raad soos per Aanhangsels A en B tot hierdie verslag m.b.t. die vrugtelose en verkwiste uitgawes rakende die betaling van:
   (i) die administratiewe boete vir nie-voldoening aan Artikel 24G van die Nasionale Omgewingsbestuursregulasies weens die konstruksie van die Yzerfontein rolstoel-toegangsoprit;
   (ii) rente verskuldig aan die SAID vir laat BTW-betalings gemaak; en
   (iii) rente verskuldig aan Telkom vir die laat betaling van hul Desember 2014 rekening.

   (Volledige ondersoekverslae is beskikbaar by die kantoor van die Bestuurder, Interne Oudit)

(b) Dat die aanbevelings van die Dissiplinêre Raad soos vervat in Aanhangsels A en B tot die verslag goedgekeur en geïmplementeer word, synde soos volg:

   (1) <u>t.o.v. die administratiewe boete wat aan DEADP betaal is</u> – *verwys Aanhangsel A*:

      (a) Geen stappe gedoen word teen enige beampte/s om die uitgawe te verhaal wat aangegaan is m.b.t. die betaling van die Artikel 24G boete vir die konstruksie van die Yzerfontein rolstoel-toegangsoprit nie;
      (b) Die uitgawe (of eis teen enige beampte) gesertifiseer en deur die Raad afgeskryf word;
      (c) Die LUR vir Plaaslike Regering sowel as die Ouditeur-Generaal van die uitkoms van hierdie ondersoek in kennis gestel word;
      (d) Besonderhede van hierdie geval van vrugtelose en verkwiste uitgawe in die jaarlikse finansiële state van die munisipaliteit aangeteken word;
      (e) Die Rekenpligtige Beampte opdrag gegee word deur die Raad om 'n herhaling van sodanige uitgawe te voorkom deur maatreëls in plek te stel ten einde te verseker dat met goedkeuring jaarliks van die meerjarige begroting, alle kapitaalprojekte deur die Direktoraat Ontwikkelingsdienste geëvalueer sal word voordat met sodanige projekte 'n aanvang geneem word, om te bepaal of dit 'n gelyste aktiwiteit behels ten opsigte waarvan 'n Artikel 24G Omgewingsmagtiging deur die relevante owerheid vereis mag word.

(2)/...

8.8(b)/...

(2) t.o.v. die rente wat aan SARS en Telkom betaal is – *verwys Aanhangsel B*:

(a) Die rente van R2 403.04 wat aan die SA Inkomstediens betaal is, van die Rekenmeester: Uitgawe verhaal word;
(b) Die rente van R1 070,01 wat aan Telkom betaal is, afgeskryf word;
(c) Geen verdere dissiplinêre stappe gedoen word teen enige van die betrokke beamptes nie;
(d) Die LUR vir Plaaslike Regering sowel as die Ouditeur-Generaal van die uitkoms van hierdie ondersoek in kennis gestel word;
(e) Besonderhede van hierdie geval van vrugtelose en verkwiste uitgawe in die jaarlikse finansiële state van die munisipaliteit aangeteken word;
(f) Kontroles verbeter word deur gereeld die Standaard Operasionele Prosedures op te dateer om 'n herhaling van sodanige uitgawes te verhoed.

8.9 KAAPSE WESKUS/SWARTLAND TOERISMEVERENIGING: HERNUWING VAN DIENSLEWERINGSOOREENKOMS (*SERVICE LEVEL AGREEMENT*) (9/1/3/2/1)

'n Diensleweringsooreenkoms is aangegaan met die Kaapse Weskus/Swartland Toerismevereniging (STO) om hierdie funksie namens die Munisipaliteit te verrig. Die bestaande ooreenkoms verval op 30 Junie 2015 en gevolglik word 'n nuwe ooreenkoms, wat met alle lede van die STO gekonsulteer was, voorgelê vir oorweging.

Die nuwe termyn van die ooreenkoms is 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2018.

Die diensleweringsooreenkoms is op 8 April 2015 aan die Uitvoerende Burgemeesters-komitee voorgelê en is aanbeveel dat dit deur die Raad goedgekeur word.

BESLUIT

(a) Dat die Diensleweringsooreenkoms met die Kaapse Weskus/Swartland Toerismevereniging, soos aangeheg by die verslag, goedgekeur word met ingang van 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2018;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die Diensleweringsooreenkoms namens die Raad te onderteken om die Raad se wetlike mandaat insake toerisme te volvoer.

8.10 VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM (GELEë TE MALMESBURY) PER OPENBARE VEILING (12/2/B)

Die Raad het op 27 November 2014 goedkeuring verleen dat die onderstaande eiendomme per openbare veiling vervreem mag word, naamlik:

(1) 21 erwe in Dalsig;
(2) 23 erwe in Uitbreiding 12 (Newclair), Wesbank
(3) 3 erwe in Tafelzicht.

Die veiling het op 21 Maart 2015 plaasgevind waarna die aanbiedinge aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê is. Die verslag aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 8 April 2015 (Aanhangsel B) bevat agtergrond aangaande die besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om die reserweprys met 30% te verlaag ten opsigte van die kopers wat nie die reserweprys op die veiling gehaal het nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

(a) Dat kennis geneem word dat die veiling op 21 Maart 2015 nie die reserwepryse wat deur die Raad vasgestel is, opgelewer het nie, en dat die Uitvoerende Komitee daarna die reserwepryse aangepas het tot 70% van die goedgekeurde pryse, gebaseer op 'n 30% faktor-afslag, soos aanbeveel deur die munisipale waardeerder, vir die volgende redes:

8.10(a)/...

(1) Met die verkope van die eiendomme sedert 2006, daar reeds meer as voldoende fondse geïn en die ontwikkelingskoste ten volle verhaal was;
(2) Daar ‘n begerigheid bestaan om aan die voornemende toetreders tot die eiendomsmark die geleentheid te bied om dit wel te doen aangesien van hulle in die sg. “GAP” kategorie val;
(3) Daar kennis geneem word van die inkomste wat verlore gaan weens die feit dat die erwe vakant is en nie oor eienaars beskik wat verantwoordelik gehou kan word vir die betaling van beskikbaarheidsgelde en gelikwideerde skadevergoeding nie.

(b) Dat die voormelde handeling van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om die reserwepryse te verlaag tot 70% van die goedgekeurde pryse, vir die redes soos aangetoon hierbo, gekondoneer word;

(c) Dat kennis geneem word dat gemelde aanpassing tot gevolg gehad het dat erwe uiteindelik soos volg verkoop het, ten bedrae van R2 480 700,00 in totaal (BTW en afslaerskommissie uitgesluit):

- drie erwe in Tafelzicht
- vyftien erwe in Dalsig
- drie erwe in Newclaire

(d) Dat kennis geneem word dat die oorblywende erwe (6 in Dalsig en 20 in Newclaire) uit-die-hand-uit verkoop sal word teen 70% van die oorspronklik goedgekeurde reserwepryse, met ingang vanaf 1 Junie 2015.

GETEKEN:
SPEAKER